



# DIE OLIELAMP

Nasionale Jeugblad van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

*Redaksioneel*

'n Nasionale Jeugblad? Waarvoor is dit nou nodig? Ons het mos ons eie Rehoboth en Wapenrusting...

Ek kan my voorstel dat baie van julle so sal dink. Graag wil ek hierdie blad aan julle bekendstel sodat julle ook kan sien dat dit goed is om saam aan een blad te werk. 'n Nasionale jeugblad waar al die jeug uit die V.G.K. in S.A. geleentheid kry om te skryf, te lees, kritiek te lewer en te geniet van die eenheid in Christus. Daarom is dit ook 'n blad vir die jeug deur die jeug waarby ons mekaar mag opbou.

'Die Olielamp' is miskien 'n tydelike naam. Moontlik sal dit so bly; maar werklike eenheid oor die naam is nog nie verkry nie. Daarom wil ons hieroor ook julle meenings hê. Ander voorstelle is Menorah (beteken kandelaar) en die klippie. Die simboliek agter 'Die Olielamp' is hoe ons as jeug die lig van die geloof rondom ons laat skyn. Ook hierdie blad kan 'n middel daartoe wees.

Die organisasie van die blad werk soos volg: Daar is totaal 3 redaksies nl. Maranatha, Pretoria en Kaapstad. Die redaksies korrespondeer m.b.v.

*e-mail* met mekaar. Een maal in 2 maande word hierdie blad uitgegee deur een van die redaksies wat die betrokke maand daarvoor verantwoordelik is. Elke volgende uitgawe word deur 'n volgende redaksie behartig. Die drie redaksies is saam verantwoordelik vir die verkryging van die artikels.

Artikels word verwelkom en moet asseblief, waar moontlik, op diskette aan een van die redaksie lede gegee of gemail word. Dit sal die taak van die redaksies baie vergemaklik. Dit maak nie saak in watter woordverwerker die artikel getik is nie.

In hierdie uitgawe kom verskillende onderwerpe ter sprake. Kyk maar na die inhoudsopgawe: Aborsie, Wonders en worstelling met jou sondes. En wat is meer aktueel as 'n bietjie skindernuus uit die Kaap. Die Nasionale Jeugblad is nog 'n babatjie. Ons het julle hulp nodig om haar tot 'n kleuter te laat groei en later 'n volwaardige jeuglid te wees. Daarom is opbouende kritiek baie welkom.

Geniet dit!

Namens die redaksie - Johannes de Vries.

## Inhoud

Uit die woord	Bevryding	Dirk Boon	2
	Lewensheiliging	Jan van Houwelingen	3
Oppad	Gawe en opdrag	Sonja v/d Linden	4
	Leef die kerk vandag	Rynald de Wit	6
	Sending vs. Evangelisasie	Axel Hagg	7
	Wonders vandag	Hermien Bijker	8
	Lewe volgens die Bybel	Johan Moes	8
	Aborsie	Wilma Lubbinge	11
Voel jy ook so?	Ek het alweer gesondig	Maaïke Raimond	12
Rehoboth	Deur die sleutelgat		13
	Gesels saam		14
Rondvraag	Kongres '97	Johannesburg	14
	Notule van die NJS vergadering	Jan Bron	16
	Gedig	Annemarie de Vente	16

## BEVRYDING! ROM 3:21-31

Dirk Boon

'n Fariseër het na die tempel opgegaan om te bid. "O, God ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie - rowers, onregverdiges, egbrekers of soos die tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry."

'n Ander man, 'n tollenaar het ook na die tempel gegaan om te bid, amper te bang om sy oë na die hemel op te hef. "O, God, wees my, sondaar genadig!" (Luk.18:9-14)

### Die sondige mens

Rom 3:9-18 beskryf die mens soos volg: "Hul keel is 'n oop graf, met hul tonge pleeg hulle bedrog, die gif van adders is onder hulle lippe. Hul mond is vol vervloeking en bitterheid. Haastig is hulle voete om bloed te vergiet. Verwoesting en ellende is in hulle paaie, en die weg van vrede ken hulle oë nie."

Is alle mense dan so? Ons as Vrye Gereformeerdes se kele is tog nie oop grafte nie? Ons voete nie haastig om bloed te vergiet nie? Dit kan mos nie!? Ons is mos lid van die kerk? Ons vrees mos die HERE? Dis mos die wêreld wat nie die weg van vrede ken nie? Dáár is mos bedrog en haat en hebsug?

#### Redaksies:

##### Pretoria:

Redaktrise: Marieke de Wit (sedtdw@persetel.co.za)

Sekretaresse: Iemke Buenk

Penningmeester: Johan Moes

Lede: Rinus Kamphuis

Tineke de Vries

Tegnies: Bijker Broers (dieolielamp@usa.net)

##### Maranata:

Redakteur: Johannes de Vries

Penningmeester: Gerjan Hagg

Lid: Axel Hagg (hagga@acinfo.up.ac.za)

##### Kaapstad:

Redakteur: Jopie v/d Linden

Penningmeesteresse: Christine v/d Linden & Mirjam

Lid: Maartje

Dirk Boon

Tegnies: Erik van Alten

##### Johannesburg:

Kontakpersoon: Ester Kuyvenhoven

(secuplus@global.co.za)

Ons hoop om *Die Olielamp* elke twee maande uit te gee. Hierdie is die eerste proefeksemplaar, wat ook elektronies beskikbaar is by die volgende tydelike internet adres:

<http://members.tripod.com/~wapenrusting/>

Koste: R35 per jaar

"Het ons enige voorrang? (Soos wat die Fariseër hierbo van homself dink?) *Hoegenaamd nie!*" (Rom 3:9) Wat leer ons hieruit? Ons is wat sonde en **verdorwenheid** aanbetref, in presies dieselfde bootjie as alle mense op aarde. Gaan dink bietjie goed na: Kan jy teen **gedagtes** van wraak en moord stry? Of teen begeertes en liste wat sommer so na willekeur jou gedagtegang oorweldig? Kan jy daarvan ontsnap as dit jou oorrompel?

Die sonde wat ons aankleef is nie net dié wat miskien sigbaar is vir ander mense nie, soos dié wat die Fariseër hierbo noem nie. Ons **hele natuur** is sondig. Dit leer ons uit die wet. Kan jy maar een gebod van die wet onderhou? Kan jy die wortel van doodslag nl. afguns, haat, woede en wraaklust bestry? (Sondag 40).

Dié tollenaar is onder volle besef van sy situasie as sondige mens. Dit sien hy in die wet: Hy kan niks daarvan onderhou nie, hy weet dat hy in 'n hopelose, reddelose situasie verkeer. En dat hy geensins op homself kan vertrou om verlos te word nie: "O, God wees my arme **sondaar**, genadig!" Dit maak van **alle** mense persone wat van nature sondig is. Die wet word gegee, sodat ons ons sonde kan leer ken (Sondag 2, Rom 3:19,20), maar nie soos wat die Fariseër probeer, in eie vertroue onselfsalig te verklaar nie. As God se wet die enigste manier was om saligheid mee te verkry, dan was almal hopeloos verlore. God is 'n **regverdige** God, wat die sonde haat.

### **Die wending - Verlossing!**

Maar God is ook **regverdigend**. Lees die ongelooflike wending in Rom 3:21-24. *“Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar **sonder die wet**, terwyl die wet en die profete (=die hele Ou Testament wat wys op Christus) daarvan getuig, die geregtigheid naamlik van God deur die **geloof in Jesus Christus** vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie, want **almal** het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, en hulle word deur Sy **genade sonder verdienste** geregverdig deur die verlossing (bevryding) wat in Christus Jesus is.”*

Dit was ook die bedoeling van die wet in Ex. 20, om op ons verlossing te wys. Die aanhef van die wet lui: “Ek is die Here **jou** God, wat jou uit Egipteland uit die slawehuis **uitgelei** het.” Ons hoef nie deur elke gebod te onderhou, met moeite ons saligheid te verdien nie! En die wet is vervul in Christus - daarom is ons geregverdig deur geloof in Jesus Christus en aanvaarding van God se liefde hierin.

Laat ons hierdie geregtigheid van God aanvaar deur **geloof** (Son.7) in Jesus Christus. Ons saligheid hang dus nie af van wat onself probeer doen nie, maar van dit wat God doen. Hy sluit sy verbond met ons, Hy gee aan ons die geloof in Christus. Ja selfs daarin is ons sondig deur kleingelowigheid.

Maar God stuur ook die Heilige Gees na ons om ons te vertroos, te versterk en blymoedig te maak in die Here. Dit doen Hy deur die Woord - die

openbaring van God se verbondsliefde aan sy kinders.

### **Liefde tot God en ons naaste**

Ons het dan verder geen rede om onself bo ander te verhef nie. Maar dan mag ons God ewig dankbaar wees vir ons uitverkiesing, redding en vir Sy Lig waarmee Hy ons donker harte verlig. Sal ons dan nie uit dankbaarheid en amper met dringendheid ons lig in hierdie wêreld laat skyn nie? Sou ons God se genade in selfsugtigheid vir onself hou, of sal ons uit liefde vir ons naaste aan hulle die regte pad wil wys, en vir hulle bid nie?

Die wet is dan ook nie meer ‘n swaar las wat ons moet dra nie. Ons kan nie. Maar in Christus word die wet bevestig (Rom 3:31). God het ons uit die sondes gelei soos wat in die aanhef tot die wet staan. God se liefde in Christus vir sy kinders kom hierin na vore. Dan word die wet vir ons ‘n riglyn om sy verbondsliefde te beantwoord, om met kennis van die wet teen die sonde te kan stry. Dan het mens ‘n begeerte om die Here werklik in alles te dien. Dan is ons werklik dankbaar en bly as ons **sien en ervaar** dat die Here ons krag gee om teen die sonde te stry. As ons sien dat ons lus is om God se geboorte te onderhou, omdat ons vir Hom lief is. En dan mag ons ook al in hierdie aardse lewe iets sien van die ewige heerlikheid en vreugde wat ons eendag ten volle mag ontvang, en mag binnegaan!

---

---

## **LEWENSHEILIGING**

Jan van Houwelingen

**Die Bybel roep ons gereeld op om heilig te lewe. Dit klink baie indrukwekkend: heilig lewe. Wat is dit presies? Ons kan vier onderdele noem: 1. die Here van harte liefhê; 2. ons afkeer van alles waar God nie is nie; 3. ons in groot afhanklikheid aan God vir hom neerbuig en 4. godvresend lewe**

In die Ou Testament het die Here Sy volk al meerdere male opgeroep om in ooreenstemming met Homself te lewe. Byvoorbeeld in Lev. 20:26 : *en julle moet vir My heilig wees, want Ek, die Here, is heilig; en Ek het julle van die volke*

*afgesonder om myne te wees.* Ook in die Nuwe Testament kom die oproep tot heiliging meerdere male na vore. 'n Voorbeeld is Heb.12:14 : *jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie.* Die Here roep ons op tot

'n heilige lewe, terwyl Hy tog weet dat ons nie aan die eis kan voldoen nie. Is dit dan nie 'n tevergeefse oproep nie?

Om weer by Lev.20 uit te kom, in vers 7 staan ook die oproep tot 'n heilige lewe. Dit bly egter nie net

by 'n oproep nie, want direk daarna maak die Here 'n belofte. Hy sê: *Ek is die Here wat julle heilig*. God sê dus heilig julle, en onthou dit is Ek wat julle heilig. Die Here doen dit deur sy Gees aan ons te gee. *En Ek sal my Gees in julle binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen* (Eseg 36:27).

Dát die Here ons help met lewensheiliging, is nie vanselfsprekend nie. Dit sou glad nie snaaks gewees het, as die Here dit net by 'n oproep sou hou nie. Ons God is egter so genadig, dat Hy ons, sondige mense, selfs wil help in die stryd teen die sonde. Dit is iets wat ons net in geloof kan verstaan. God eis dus gehoorsaamheid, ons het egter niks om Hom aan te bied nie, maar moet dit eers by God kry voor ons dit kan gee.

In Sondag 44 (HK) kom die gelowige met die vraag: Maar hoekom wil God hê dat sy geboorte nog aan ons voorgelê word, terwyl Hy weet dat ons dit nie kan volbring nie? Die antwoord hierop is onder andere sodat ons ons, *sonder om op te hou*, beywer en die Here vra vir die *genade van die Heilige Gees*, sodat ons steeds meer na die

*ewebeeld van God vernuwe word*. Kan ons dus net met onself glad nie die oproep tot heiliging nakom nie? Nee, ons kan nie. Maar wel deur te bid vir die Here dat Hy ons sal help. En soos die Here meerdere male belowe het, sál Hy ons ook help.

'n Mens hoor nooit iemand sê: "ag, lewensheiliging dit is iets sinneloos, dis glad nie nodig nie." Daar word eerder gevra, maak lewensheiliging 'n verskil in jou lewe? Is jy nou 'n veranderde mens? Blyk dit aan jou lewe dat jy 'n Christen is? Hierdie vrae is tereg. Dit mag gevra word. Paulus doen dit ook by die Korinthiërs. Hy wil weet of hulle nie eintlik nog maar steeds leef soos die ou, ongelowige mens nie (1 Kor 3:3).

Sommige kerke lê egter so baie klem op lewensheiliging, dat hulle leer 'n mens kan 'n christelike volmaaktheid hier op aarde bereik. Alhoewel in 1 Joh 3: 6 staan dat "*Elkeen wat bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie*", moet ons dit anders lees, want in die grondteks staan dit meer in die vorm van: kan nie meer bly sondig op 'n manier asof dit gewoon is nie. Dit is soos Rom 7:19 sê "*die*

*goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek*" Verder is dit onmoontlik om 'n volmaaktheid op aarde te bereik, want dit sou beteken dat iemand wat hierdie "volmaaktheid" bereik het, geen stryd meer hoef te voer om heilig te lewe nie. Daar sal dan groot twee-deling in die kerk ontstaan: een groep in 'n groot stryd teen die sonde en die ander groep rus lekker uit en kyk hoogmoedig op die ander neer. Ons sien dit baie duidelik in die Rooms Katolieke kerk.

Ons moet onthou dat, al is ons nou 'n nuwe mens, ons ook nog steeds ou mens bly. Daarom bly alle oproepe en vermanings om heilig te leef steeds geldig. Die stryd teen ons ou mens sal op hierdie aarde nooit klaar gestry wees nie. Gelukkig mag ons weet, dat God so genadig is, dat Hy ons in hierdie moeitevolle stryd ten volle sal bystaan.

*En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus! Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen.* (1 Thess. 5:23,24)

**Oppad**

## GAWE EN OPDRAG

Sonja van der Linden

Die kerkiens is verby. Deur die paadjies skuifel die mense na buite. En as jy buite is, wat dan? Wat doen jy met al die mense om jou heen? Voel jy daar tussen óf soos 'n vis in die water óf soos 'n

vis op droë grond? Is dit benouend, bevrydend of maak dit geen verskil vir jou nie? Waarom het ek so begin? Om jou te wys dat die gemeenskap van die heiliges ook vir **jou** raak.

Gemeenskap van die Heiliges? Kan mens dit wel sê? Dit is tog nie volmaak/perfek in die kerk nie? Waarom dan tóg hierdie uitdrukking wat die indruk gee dat alles wel pragtig verloop? 'n Gemeenskap waarin almal hulle tuisvoel, is dit baie keer nie - en heiliges is ons al heeltemal nie. Dit is baie keer eerder 'n kleinsielige, benoude bedoening in die Kerk. As dit dan nou nie so volmaak in die kerk (as gemeenskap van die heiliges) is nie, is dit dan nie tyd om iets daaraan te verander nie? Te verbeter nie? Miskien is dit tog wel nodig dat ons weer 'n keer stil staan by die Oorsprong en Doel van die gemeenskap van die heiliges.

### Opdrag?

Gemeenskap van die heiliges - dit klink amper vanself soos 'n opdrag: iets wat jy moet doen. Gelukkig is dit nie waar nie. Die eerste is nie wat **ons moet** doen nie, maar wat **God** vir ons **wou** gedoen het. Aan die begin staan nie dat jy jou moet gee aan...., maar dat God Homself **aan jou** gegee het. As God 'n **bevel** gee, gee Hy ook **beloftes**. As Hy 'n **opdrag** gee, gee Hy ook **gawes**. Nadink oor die gemeenskap van die heiliges begin dus deur na te dink oor die gemeenskap wat aan ons gegee is. Die gemeenskap met **die** Heilige, met **God**.

### 'n Heilige God - 'n Gewende God

God se heiligheid roep by ons altyd iets van afstand op. Ons is sondaars - God is heilig. Maar tog **wil** die Here met ons kontak hê. Dit sien ons ook in die geskiedenis van Jesaja se roeping. Die Heilige God is juis 'n God wat gemeenskap met ons soek. Jy mag selfs sê: dit **is** Sy heiligheid dat Hy met sondaars 'n verhouding wil en kan hê. So is Hy ook vir jou!

In die paradys was die kontak/verhouding met God uitstekend. Maar dan loop dinge verkeerd. Die mens probeer die kontak met God ontduik. Maar ook hier toon die Here ons Sy Heiligheid: Hy gee ruimte vir 'n nuwe herstelde verhouding. God belowe: dit word goed! Dit is tog ongelooflik! Hierdie God is onse God! So soek God kontak - **ook met jou!**

Van nature is daar niks goeds in ons nie. God weet dat, as dit van ons afgehang het, dan sou daardie kontak met Hom nooit herstel word nie. Ons sou Hom eerder probeer ontduik. Ons wil nie lewensgemeenskap met God hê nie. Dit is veels te lastig! Daarom is dit so ongelooflik dat **ons** God na

die sondeval na ons toe kom. Dat Hy steeds Sy verbond met ons in stand hou. Deur na die sondeval nog steeds die verbond te handhaaf, laat God Hom allereers as 'n **Gewende God** ken. En dit kom die duidelikste na vore in die gawe van Sy Seun. Soveel het Hy daarvoor oor om die verhouding met jou en my te herstel! Die Here gee ons so baie! Wie nadink oor die band tussen God en ons (verbond), moet wel eers aan 'n gawe dink!

### 'n Nuwe Hart

"En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binnenste; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee." Eseg.36:26

Wat is so besonders aan hierdie nuwe hart? Nie alleen dat dit tot in ewigheid klop nie, maar juis dit: dat dit opsoek is na gemeenskap, na kontak. Hierdie hart is mos afkomstig van Hom wat nie slegs die dood oorwin het nie, maar ook die grootste eensaamheid? Die eensaamheid van die hel? Uit hierdie grootste eensaamheid van Christus word die grootste gemeenskap met God gebore! Hoe kry ons so 'n nuwe hart? Deur die geloof wat die Heilige Gees in ons werk. Die Heilige Gees lê die verbinding tussen die Here Jesus en ons. Deur dié verbinding stroom alle gawes van God na ons toe. Gawes wat ons hart verander en vernuwe.

Deur die geloof kry ons dus 'n ander hart. Maar daar het ons die Heilige Gees voor nodig. Die Heilige Gees is dus ook 'n gawe! Hy maak dat die nuwe hart oopstaan vir lewensgemeenskap met God en ons naaste. Sonder hierdie gemeenskap gaan jy dood. Dan sterf die nuwe hart.

Tog werk die nuwe hart nie sommer dadelik al volmaak nie! Dis 'n proses wat ons hele lewe in beslag neem.

### En nou?

Die kerkdiens is verby. Jy sien die kerkmense. Maar bo hulle het jy God leer raaksien. Hy het die hemel oopgemaak. En dan kom daar so veel gawes na ons toe! **Hy** maak sy volk heilig. As ek raaksien wat God alles gee, dan staan ek nie meer onverskillig teenoor die gemeenskap van die heiliges nie. Hy het soveel liefde in ons "geinvesteer" - dit moet sigbaar word! God vra om 'n antwoord op Sy liefde. So veel liefde maak ons nie negatief of afstandelik nie. Dit maak ons wel krities. God het die gemeenskap van die heiliges

nie gegee omdat alles en almal so volmaak is nie, maar omdat dit volmaak sal word!

Nie een van ons is volmaak nie. Ons het baie liefde nodig - van God **en van mekaar!** Laat ons daarom saam probeer. God het die gemeenskap van die heiliges iets unieks gegee - hier word **die liefde** gevind. Hier is jy vry. Hier kan ek vir my 'n plek vind met my eie moontlikhede. Hier vind ek ander met hulle moontlikhede.

Daar gaan nog baie gebeur met die gemeenskap van die heiliges. Daarom is dit nie belangrik wat ek

sien nie. Beslissend is wat ek **glo**. Ons bely tog: ek **glo** in die gemeenskap van die heiliges. Dit is ook 'n gawe van God! Versterk hierdie geloof jou? Dan bid jy saam met die Heilige Gees en saam met God se volk: "*Kom Here Jesus, kom gou.*" (Openb.22:17)

Want dan is die gemeenskap van die heiliges volmaak. Dan **sien** jy wat jy nou reeds **glo**.

---

---

## WANNEER LEEF DIE KERK?

Rynald de Wit

Hoe baie keer hoor ons mense sê dat ons kerk eintlik maar dood is? Vra mens dan hoe die kerk verlewendig moet word, is die oplossings legio. Sommige kerke wil die prediking van 'n monoloog na 'n dialoog verander (gesellige diens met min preek en baie praat). Ander wil die liturgie verander (gemoedelike wysies, instrumente, handegeklap). Ander kerke wil aksies loods (elke lidmaat moet geaktiveer word). Ek dink elkeen van ons sal besef dat nie een van die bogenoemde dië oplossing kan bied nie.

Wanneer leef die kerk dan?

### **Wanneer die predikant lewe**

'n Predikant leef wanneer hy op sondae in die eredienste die woord van God, begeesterd deur die Heilige Gees aan ons bring, en natuurlik ook wanneer hy deur die week met bewoënheid saam met sy lidmate lewe. Hy leef wanneer die inhoud van sy prediking nie menslike wysheid is nie, maar Jesus Christus die gekruisigde en opgestane Heiland.

### **Wanneer die ouderlinge lewe.**

Wanneer leef 'n ouderling? Nie wanneer hy elke sondag voor in die ouderlingbank sit en sy jaarlikse huisbesoeke meganies doen om te hoor of alles nog reg is by die lidmate nie. Nee, hy leef wanneer hy as herder die kudde laat wei, die lammers in sy arms vergader en aan sy bors dra (Jes 40:11) en met bewoënheid bekommer is oor die welsyn van sy skape. Die ouderling leef wanneer hy nie net soms in sy lidmate belangstel nie, maar voortdurend met sy wyk in die nouste kontak leef.

### **Wanneer die diaken lewe**

Wanneer leef 'n diaken? Hy leef as hy – in opdrag van Jesus Christus (Matt 25:35,36) – die armes versorg, siekes bystaan, weduwees en wese ondersteun en gevangenes en vreemdelinge opsoek. Waar die predikant die hoof en die ouderling die arm van die gemeente is, is die diaken die hart van die gemeente wat die priesterlike bewoënheid van ons Here Jesus Christus moet openbaar.

### **Wanneer die lidmate binne die kerk leef**

In die vorige drie punte het ons nog net na die "leiers" van die kerk gekyk, maar as die lidmate nie (wil) leef, help dit nie as die kerkleiers leef nie. Die lidmate leef nie as hulle elke Sondag 2 keer kerk toe gaan en vereniging en/of katikisasie bywoon nie. Nie wanneer ons soos gaste in 'n hotel by mekaar verbyleef nie, nie wanneer ons altyd kla dat die gemeente koud is nie – maar wanneer ons mekaar dien met die gawes wat ons in Christus gekry het (1 Pet 4:10). As jeug van die kerk moet ons ook nie net vir die siekes bid, maar saam met hulle bid, die bedroefdes troos, die vriende van ons wat besig is om af te dwaal te betrek en met hulle gesels oor die erns van die saak.

Waar ons nou as twee aparte gemeentes funksioneer, word ons "gedwing" om ook met ander jeug/lidmate om te gaan. Laat ons dan ook daarvan gebruik maak en gesprekke aanknoop met wie ons anders nie sou praat nie. Dis maklik om te sê: "Ek sal nie weet wat om vir hom/haar te sê nie", maar dan mag ons ook weet dat God met Sy Gees

in ons hart sal werk, as ons Hom vra om dit te doen.

Sê jy die kerk is dood?

Onthou: Jy is deel van die kerk. Onderzoek jousef of dit nie dalk jy is wat dood is nie...

## EVANGELISASIE VERSUS SENDING

Axel Hagg

Binne die gereformeerde teologie, is daar van oorsprong 'n onderskeid tussen evangelisasie en sending. Die twee terme is veral in die verlede gebruik om twee soorte evangelieverkondiging aan te dui. Maar is hierdie twee terme nog vandag van toepassing in Suid Afrika, met sy sogenaamde godsdienstige bevolking?

Kom ons kyk eerstens na die twee terme:

Evangelisasie is die verkondiging van die evangelie in die direkte omgewing van die plaaslike kerk, aan diegene wat vervreemd is van die Woord, wat vroeër miskien wel christelik was, of christelike familie het, maar wat nie meer glo nie.

Sending, aan die ander kant, is die verkondiging en verspreiding van die Woord in gebiede verafgeleë van die plaaslike kerk, aan mense wat nie bekend is met die christelike geloof nie.

Vandag nog is daar 'n onderskeid tussen die twee velde. Maar hoe is hierdie twee velde van toepassing, binne 'n samelewing wat God nie meer ken nie? Tot aan die einde van die 16e eeu, en selfs die einde van die vorige eeu, is dit nie te vergesog om Wes-Europa, behalwe vir 'n paar uitsonderings, as nominaal christelik te beskou nie. Nederland het hoofsaaklik uit christene bestaan. Binne hierdie omgewing het die twee terme ontstaan. Die ongelowiges van dié tyd was algemeen gesproke,

nie die buurman langsaan nie. Om *bona fide* ongelowiges te vind, moes tot so ver as Brasilië of Indonesië, gereis word. Sendelinge is na die gebiede gestuur om aan mense wat nog nooit die Woord gehoor het nie, die evangelie te verkondig. Alhoewel daar op daardie stadium weinig mense in Nederland was wat nie bekend was met die evangelie, het mense soos die evangelis N. Baas, die evangelie in Nederland versprei. In die tyd, en onder hierdie omstandighede, kon daar sprake wees van 'n onderskeid tussen sending en evangelisasie.

Maar vandag, in 'n wêreld met lande soos Kanada, die VSA of elders, is daar miljoene mense wat nog nie die evangelie van Christus gehoor het nie. 'n Mens kan nie sê dat hulle van die evangelie vervreem is nie. Oral in die groot wêreldstede met hul diverse bevolkingsamestelling, woon mense wat nie bekend is met die evangelie nie. Baie samelewings is God-loos. Jou buurman, afkomstig van bv. 'n Islamitiese staat, het moontlik nog nooit die goeie boodskap van Christus gehoor nie. Ja self 'n land soos Zambië is meer christelik as ons eie land. Ons land is besig om te verander in 'n land van ongelowiges.

Kan daar dan nog onderskeid getref word tussen evangelisasie en sending? Sending kan net so goed in Pretoria se middestad, as in Irian Jaya plaasvind. Afstand is nie meer die faktor by die onderskeid tussen sending en

evangelisasie nie. Velkleur of finansiële status bepaal nie die verkondiging van die evangelie nie. Dis rassisties om te dink dat sending by swart of bruin mense plaasvind, terwyl evangelisasie net by blankes gedoen word.

Die "sending"-opdrag van Matteus 28: 19,20, is net so goed 'n "evangelisasie"-opdrag. Dit is vir elkeen vandag 'n opdrag. Sending kan ook binne ons eie gemeenskap plaasvind. Daar is werk om te doen! Daar is nie veronderstel om 'n onderskeid te wees tussen dit wat ons in ons plaaslike gemeente doen, en wat op die sendingvelde veraf, gedoen word nie. Die verkondiging van die evangelie bly dieselfde, of dit by die bure langsaan is, of by 'n sendingpos in Irian Jaya.

By onself moet daar geen onderskeid wees tussen sending en evangelisasie nie. Dit kan ons net deurmekaar maak deur verskillende soort woordverkondiging teenoor mekaar te stel, en daardeur oneer aan die Woord van God te doen. Evangelisasie is die volledige verkondiging van God se woord, net so ook sending. Almal van ons word ge"send" om die "evangelie" te verkondig. Die Here verheug Hom as Hy sien dat die mense van sy kerk hul sendingopdrag ernstig opneem, om, deur Hom, diegene te red wat besig is om in die modderpoel van die verderf af te sak.

(Verwerkte e-mail boodskap van Wes Bredenhof, Kanada)

# EN AS WONDERWERKE NIE GEBEUR NIE...?

Hermien Bijker

Dit voel vir my of ons altyd baie maklik oor onverwagse gebeurtenisse as wonderwerke praat. Om keuring te kry vir 'n kursus wat jy nie verwag het nie, is nie 'n wonderwerk nie. Babas is nie 'n wonderwerk nie. Iemand wat homself van sy sedelose weg bekeer het en 'n christen word, is nie 'n wonderwerk nie. 'n Persoon wat van kanker genees word, is ook nie 'n wonderwerk nie. Hierdie is wel bewyse van God se bewarende hand oor ons vandag. Maar dit is nie wonderwerke in die bybelse sin van die woord nie. Ons moet versigtig wees om die woord 'wonderwerke' as die omvattende term te gebruik vir alles wat ons vandag nie kan verduidelik nie. Die krag van God is essensieel vir al die bogenoemde gebeure, maar dit maak hulle nie wonderwerke nie.

Die eerste logiese vraag wat ons nou kan vra is wat 'n wonderwerk dan wel is. Na my mening sal 'n wonderwerk 'n gebeurtenis wees waardeur God sy krag aan mense openbaar met die doel om hulle te oortuig van sy mag en hulle daar en dan te bekeer. As ons byvoorbeeld na die kreupel man in Handeling 3 kyk, is daar duidelike buitelyne waarin wonderwerke (tekens) geskied. Hierdie buitelyne word uitgestip in Gordon J. Keddie se verklaring oor die boek Handeling - "You Are My Witness", en is soos volg:

- Dit was 'n *buitengewone gebeurtenis*, die geneeshere van daardie tyd kon die genesing van die kreupel man verklaar nie. Die geneeshere van ons tyd, sal ook nie die genesing wetenskaplik kan verkeer nie.
- Die genesing was *sigbaar*, al die omstanders by die kreupel man kon die wonderwerk sien.
- Dit was 'n *boodskap van verlossing* vir die kreupel man, dit dui ook op ons verlossing in God deur Christus. Dit onderstreep dus die effektiwiteit van die blye boodskap.

- Dit was wonderlik in die sin dat dit die aandag van *baie mense* in die omliggende gebiede getrek het. Wonders is dan nie iets wat terloops gebeur nie, dit gryp die aandag van mense en oortuig hulle van God.
- Dit was 'n *getuienis van God*, dat Hy self die wonder laat gebeur het, nie geneeshere of iemand anders nie.

Die meeste wonderwerke in die Bybel besit hierdie eienskappe. Dink maar byvoorbeeld aan tye in die geskiedenis waar die volk van God in verdrukking was. Soos die uittog uit Egipte, Elisa en Elia se styd met die Babeloniërs en die tye van die eerste christelike era.

Maar waarom het ons dan nie vandag meer wonderwerke nie? Ek dink die rede hiervoor is omdat ons die hele ou en nuwe testament as bewyse van God het. Daar is egter wel in die nuwe testament aan ons die teken van Jona gegee (Matt 12:39-41): "... 'n *slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona...; want hulle het hul op die prediking van Jona bekeer, en - meer as Jona is hier*". Dit is die enigste teken wat ons het totdat God weer terugkom. Die nuwe testamentiese tyd waarin ons nou lewe kan ons as die era van 'genoegsaamheid' sien. Ons het die Heilige Gees en God se woord en dit is genoeg. Ons het nie wonderwerke as bewyse van God nodig nie. God sê self in 2 Kor 12:9 "*My genade is vir jou genoeg*". Miskien is ons meer bevoorreg as ons daaraan dink dat God se genade en bewarende hand in ons lewe elke dag is en dat ons nie 'n spesiale wonderwerke sommige dae nodig het om te beseft dat ons lewe deur God se raadsplan bestuur word nie, selfs al gebeur dinge nie soos ons dit verwag het nie!

---

---

## ONS LEWE = LEWE VOLGENS DIE BYBEL

Johan Moes

*Ek is ook 'n christen.* Dit was die woorde van 'n gay jong man met wie ek oor die geloof gepraat het. Hy was 'n christen want hy het volgens homself omgee vir ander, en die liefde is tog die

kern van die christendom. Die liefde veroordeel nie, het hy bygevoeg. Met hierdie woorde wou hy my mond snoer, want wie sou ek wees om vir hom te sê hoe hy moes lewe. By 'n ander geleentheid



het ek met 'n Noor gepraat oor die Calvinisme. Die christelike geloof was vir hom maar 'n deurmekaar storie. Die een noem hom 'n christen en moor duisende mense uit, dink aan die Rooms-Katolieke of aan die IRA in Ierland, die ander christen is so konserwatief dat hy homself alle plesier ontnem in die lewe. Wie van hulle is nou werklik christene? Hierdie vraag gaan nie aan ons verby nie. Daar is so baie verskillende kerkgemeenskappe waarmee ons te doen kry dat ons gedwing word om na te dink oor wie die Vrye Gereformeerde kerk is, wat ons glo en of ons wel die regte dinge glo.

Ek dink dat daar al baie christene is wat getwyfel het of God wel 'n werklikheid is. Ek persoonlik dink hierdie vraag word baie makliker opgelos as die vraag : hoe wil God hê dat ons moet lewe. As alle christene een maatstaf gehad het hoe hulle moet lewe dan sou die gay verstaan het dat hy nie 'n christen is nie en die Noor sou my nie gevra het watter stroming in die christelike geloof is nou eintlik die regte een. Die maatstaf bestaan, maar die maatstaf kan soos ons sien, aan die groot hoeveelheid strominge in die christelike geloof, op baie verskillende maniere geïnterpreteer word. Wie interpreteer hom reg ? Ons glo ons interpreteer hom reg, hoekom, is ons siening nie ook dalk gebaseer op die oorgelewerde gebruike van die ou mense ? Het die man op straat voor die Vrymaking nie ook geglo dat hulle die Bybel reg interpreteer, maar ons kan agteraf sê, hulle het die pot mis gesit. Gaan hierdie mense dan nou verlore omdat hulle interpretasie van sekere "tegniese punte" omtrent die Bybel verkeerd was ? Gaan alle mense wat die Bybel anders as ons interpreteer verlore, skiet ons hulle almal net soos die Rooms-Katolieke leer af as vervloekte afgodery? Wat maak ons met meer charismatiese kerkgemeenskappe van wie daar 'n sterk getuienis uitgaan? Ek is seker baie van julle het al met hulle te doen gehad. Die waarskuwing is dus daar, meet jou eie kerk aan die enigste maatstaf, die Bybel en bid God om die verligting van jou verstand dat ons die Bybel reg sal interpreteer.

Wat is die kern van die Bybel ? Hierdie antwoord ken ons almal : Jy moet God en jou naaste liefhê soos jouself. Die liefde vir God en ons naaste moet die vertrekpunt wees van die ware kerk. Ek wil dus die stelling maak dat dit wat ons geleer word in die NGB (Artikel 29) oor die ware kerk die belangrikste eienskap van die ware kerk nie genoeg beklemtoon nie, die liefde vir God en ons naaste. " En sal ek die gawe van profesie hê en al

die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie. En al sou ek my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou my dit niks baat nie." Liefde vir God en ons naaste kom nie van die Satan af nie, dus wees uiters versigtig om mense of kerkgemeenskappe wat God en sy naaste dien met liefde oor onsuiwerhede in hulle leer te veroordeel.

Die Bybel is dus ons maatstaf, leef ons as gemeente volgens die Bybel ? Kom ons blaai so 'n bietjie deur die Bybel :

### **Omgang met die materiële**

#### **Matt 6: 19**

Moenie vir julle skatte by mekaar maak op die aarde nie.

#### **2 Kor 8 : 2,3**

dat onder baie beproewing deur verdrukking hulle oorfloedige blydschap by hulle diepe armoede oorfloedig was in hul ryke mildadigheid. Want hulle was na vermoë - ek betuig dit - ja, bo vermoë gewillig ( Macedoniërs se materiële steun aan die arm christene van Judea).

Matt 6: 31-34; Luk 12: 33; 2 Kor 9: 6-8

### **Ons woorde en gesprekke**

#### **Rom 1: 30**

Ons moet nie **nuusdraers, kwaadsprekers**, trotsaards, **grootpraters** of ongehoorsaam aan die ouers wees nie.

#### **Efes 5 : 3,4**

Maar hoerery en allerhande onreinheid of hebsug moet onder julle nie genoem word nie, soos dit die heiliges betaam, ook nie gemeenheid en **dwase of lawwe praatjies** wat nie pas nie.

Matt 6: 19; Matt 12: 36,37 Efes 4 : 29

### **Ons houding teenoor God**

#### **Luk 9:26**

Want elkeen wat hom skaam vir My en My woorde, vir hom sal die seun van die mens Hom skaam waneer Hy kom in sy heerlikheid en die van die Vader en van die heilige engele.

### **Algemeen**

#### **Rom 13 : 13**

Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglik hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie.

**1 Kor 10 : 10**

En moenie **murmureer** soos ook sommige van hulle (volk Israel) gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekom.

**1 Kor 11: 4-16** - Lees hierdie gedeelte en pas dit toe op vandag.

**Efes 4 : 26**

Word toornig en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie.

**Efes 4 : 31**

Alle bitterheid en woede en toorn en geskreue en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid.

1 Kor 6: 1,2; Efes 5: 18,19

**Ons omgang met ons broeders en susters****Matt 5 : 22**

Elkeen wat vir sy broeder kwaad is sonder rede moet verantwoording doen voor die reg ; en elkeen wat vir sy broeder sê : Raka ! moet verantwoording doen voor die Groot Raad ; en elkeen wat se : Jou dwaas ! moet verantwoording doen in die helse vuur.

**Matt 5 : 39,40**

Weerstaan 'n slegte mens nie ; maar as iemand jou op die regter wang slaan, draai ook die ander een na hom toe. En hy wat met jou na die gereg wil gaan en jou onderkleed wil neem, laat hom ook die bokleed kry.

**Matt 5 : 42**

Gee aan hom wat jou iets vra, en wys hom nie af wat van jou wil leen nie.

**Matt 5: 44**

Julle moet julle vyande liefhê, seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en vervolgt.

**Matt 7: 12**

Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen ; want dit is die wet van die profete.

**Matt 18 :22**

Jy moet jou broeder tot sewentig maal sewe toe keer vergewe as hy teen jou sondig.

**Luk 6 : 34**

En as julle leen aan die van wie julle hoop om terug te ontvang, watter dank het julle ? Want die sondaars leen ook aan die sondaars, om net soveel terug te ontvang

**Rom 15 : 2**

Ons moet nie aan onself dink nie : elkeen van ons moet aan ons naaste dink en aan wat vir hom goed isen wat hom in die geloof kan opbou.

**1 Kor 1 : 10**

Ek doen 'n beroep op julle almal, broeders, in die naam van onse Here Jesus Christus, om eensgesind te wees. Daar moet **geen verdeeldheid** onder julle wees nie. Julle moet een wees in dieselfde gesindheid en met dieselfde oortuiging.

**Gal 6 :2**

Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus.

Luk 13: 12,13; 1 Kor 8 :11-13; 1 Kor 5 :11; Rom 12:9-20

**Ons seksuele gevoelens****Matt 5 : 28**

Elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, het reeds met haar egbreuk gepleeg.

**Matt 19 : 12**

Daar is persone wat onbekwaam is om te trou, wat van die moederskoot af so gebore is, en daar is persone wat deur die mense onbekwaam gemaak is, en daar is persone wat hulself onbekwaam gemaak het ter wille van die koninkryk van die hemele. Wie dit kan vat, laat hom dit vat.

**Rom 12 :1**

Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferming van God, dat julle jul liggame sal stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer - dit is julle redelike godsdien.

1 Kor 6 : 13 -20

Daar is nog baie ander leerstellings uit die Bybel wat aangehaal kan word. Die doel van hierdie tekste was net om vir ons 'n idee te gee dat daar selfs vir ons wat sterk staan in die geloof 'n swaar stryd voorlê teen ons vlees. Dit verg selfverloëning, veral as ons ons naaste wil dien, en 'n volkome vertrouwe op die almagtige God dat hy vir ons alles sal skenk wat nodig is vir liggaam en siel. Die Here belof aan ons die volgende in 1 Kor 10 : 13 *“Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie ; maar God is getrou , wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie ; maar hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.”*

Om 'n christen te wees is nie natuurlik nie, maar in stryd met die mens. As jy in jou lewe geen stryd teen jou eie natuur ervaar nie, weet dat jy verslap het in die geloof. Toets jou en jou broeder se lewe aan die onfeilbare Woord van God en lei jou lewe in ooreenstemming met Gal 6: 9 *“En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie.”*

# WAT MOET EK HIEROP SÊ ?

Wilma Lubbinge

Ons staan almal een of ander tyd met 'n mond vol tande en weet nie wat om op 'n sekere argument te antwoord nie. Ons kan egter dié situasies verminder deur ingelig te wees, navorsing te doen oor aktuele sake en ons eie opinie te vorm rondom 'n netelige kwessie.

Een so 'n kwessie is aborsie, of te wel kindermoord! Besef ons goed genoeg wat ons verantwoordelikheid hier op aarde is teen oor ons Vader in die hemel, dat ons strydere moet wees in Sy naam, maar vir al tot eer van Sy naam. Daarom moet ons ons wapenrusting aantrek om die goeie stryd te stry. Tog is dit nie altyd maklik om jou argumente agter mekaar te kry nie. Hier kom Miriam Cain se boekie 'Fight for life' handig te pas omdat dit al die argumente vanuit 'n bybelse oogpunt benader. Die volgende argumente word bespreek:

- Vryheid van keuse.
- Internasionale aanvaarding.
- Wat van die vroue wat sterf agterstraat aborsies? Ons doen dit om hulle lewens te red.
- Deur meer ongewenste swangerskappe te hê, sal kindermishandeling toeneem.
- Wat van die arme (swart) vrou met 10 kinders, het sy nie 'n aborsie nodig nie?
- Oorbevolking?
- Die moeilike gevalle - waar onder swangerskap agv verkragting, bloedsgrande ens tel.

## Vryheid van keuse.

Ons hoor so baie vandag "Ek het die reg om te besluit wat met my liggaam gebeur, so ek kan besluit of ek die kind wil behou of nie."

- Jy kan nie altyd met jou liggaam doen wat jy wil nie, die wet en publiekewaardigheid verbied prostitusie. Dit is ook teen die wet om sekere dwelms te neem. Jy mag ook nie jou liggaam gebruik om ander persone aan te rand nie. Die vraag is of jy 'n ander persone skade berokken deur dit wat jy doen met jou liggaam doen. Aborsie berokken skade aan die ongebore baba.
- Die baba is nie jou liggaam nie. 'n Vrou mag regte oor haar eie liggaam hê, maar sy het nie reg oor iemand ander se liggaam nie. Die baba in haar liggaam is 'n unieke wese met 'n eie hartklop, bloedsomloop, bringolwe en vingerafdruk. Maar belangrikste van alles die mens se liggaam is 'n tempel van God, en dit is baie belangrik om dit so te behandel. Sê die

Here nie self in 1 Kor 3:16-17 *Weet julle nie dat julle 'n tempel is van God is en die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle.*

- Dit is nie onregverdig om 'n vrou se keuse te beperk deur aborsie te verbied nie. Ja, die vrou het 'n keuse oor haar liggaam – voor bevrugting. En die keuse het sy gemaak toe sy besluit het om seks te hê. Wanneer bevrugting plaasgevind het, het sy nie meer 'n keuse nie, nee sy het 'n kind!
- Mary O'Brien het gesê: "As 'n vrou swanger is kan sy nie meer kies of sy ma wil word of nie, want sy is klaar een."



*'Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef' ~ Ps139:13*

## Internasionale aanvaarding

- Dit beteken nie as dit internasionaal aanvaar word dat dit reg is nie. 'n Paar jaar gelede was rassisme nog algemeen aanvaar, maar dit het dit nog nie reg gemaak nie. Suid-Afrika probeer nou alles om nie teen mense te diskrimineer agv hulle velkleur nie, waarom sal ons nou teen mense begin diskrimineer agv ouderdom? In die bybel word daar ook nie onderskeid gemaak tussen mense nie: *Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus: ... ... Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus. Gal 3:26-28*

## Wat van die vroue wat sterf agterstraat aborties?

- Om aborties te wettig en goed te praat, haal nog nie die risiko uit die prosedure nie. Met vandag se mediese kennis en hulpmiddels is die risiko dan ook minder. Maar toe aborties gewettig is (VSA), het die agterstraat aborties nie afgeneem nie. Dit het net die agterstraat “klinieke” na die voorpunt gebring en kan hulle hulle praktyke in die publieke oog uitvoer sonder om bang te wees vir kriminele agtervolging.
- Die hoeveelheid vroue wat gesterf het van agterstraat aborties was ook nie so uitsonderlik baie nie, maar statistieke is aan gedik om die pro-abortie aksie te steun. Inderwaarheid sterf nou nog meer vroue van agterstraat aborties as ‘n paar jaar gelede.
- 40-85% van die vroue wat ‘n abortie ondergaan het, het na die tyd gesê dat hulle nie ‘n abortie sou gekry het as dit nie wettig was nie.
- Waarom moet die moord van kinders wettig gemaak word om die proses veiliger te maak? Die punt van die saak bly staan: moord is en bly moord.

Eks 20: 13 Jy mag nie dood slaan nie.

*Voel jy ook so?*

## EK HET AL WEER GESONDIG!

Maaïke Raimond

Dis aand en jy klim tussen jou lekker sagte, warm beddegoed in. Jy tas na jou Bybel en slaan dit oop..... lees van God se genade en liefde vir jou. Jy sak op jou knieë en roep God aan in gebed. En wanneer jy kom by “vergewe my sondes....” voel dit of jou moed in jou skoene sak.

Alweer!

Alweer het ek gesondig.

Net soos gister, en eergister en die dag daarvoor en al die ander daarna. Ek het al weer gejok en gevloek, en geskinder en gesteel en ek was lelik met mense en ek het begeer en ek was lui, en, en, en.....

En jy sak dieper en dieper die put in.

Want elke aand voel jy so en elke aand vra jy vergewing en elke aand neem jy jou voor om môre teen hierdie sondes te stry, en te oorwin! En dan die volgende dag is dit maar net weer dieselfde.

En jy sak nog dieper weg....

Maar wat is dan fout? Glo jy nie genoeg nie, bid jy miskien te min? Dalk luister jy nie goed genoeg na die preek nie?

NEE!

Jou fokus is verkeerd! Jy fokus op jouself en op wat jy doen. In plaas van wat **Christus** vir jôu gedoen het. Dís waar ons fokus moet wees, op Christus, op God en sy liefde vir jôu, arme sondaar. Dis waar ons hoop lê. Nie by ons eie goeie dae nie want ons is maar swak sondaars sonder hoop. Maar op

Christus wat ons uit die put van sonde kom haal het deur ons van die las vry te maak.

Nou is jy geen **slaaf** van die sonde meer nie, maar ‘n **kind** van God. ‘n **Erfgenaam** van die ewige lewe op ‘n testament met bloed onderteken. Die bloed van Christus vir ons sondes. Dàar moet jou fokus wees.

“En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus! Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen”. (1Thess. 5:23+24)

Hy sal dit doen. Vertrou op Hom. Dank Hom, loof Hom en prys Hom vir daardie lewegewende werk in jou lewe en dan kom die vrugte van die Gees op hul tyd. En as ons dan nog steeds twyfel, want vrugte sien ons nog nie, kom bemoedig God ons: “As ons ontrou is, Hy bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie.” (2Tim.2:13)

Wat ‘n troos. As jy sondig, maak nie saak hoe veel en hoe vreeslik nie, Hy bly getrou aan Sy doopbelofte dat jy Sy kind is en dat Sy Seun vir jou sondes gesterf het en dat Sy Gees in jou werk.

Sterkte met die stryd en laat ons nooit vergeet om vir mekaar te bid nie.

## DEUR DIE SLEUTELGAT

Hallo alle nuusmakers, nuusverklidders en nuusverspreiders!

Alle telefoongesprekke is “getape”; alle afluisterapparate is aangeskakel en alle briewe onderskep. Dit help nie julle maak julle sleutelgate toe met wondergom nie! Dus... ons het weer eersterangse inligting vir julle. “So sit back and enjoy!”

Die Dow-Jones het hierdie maand weer inmekaar gesak en die wolmark het aansienlike stygings getoon. Ja, dit was weer matriekafskeidtyd. Rokke, broeke, hemde en moenie van die hare vergeet nie. Spanningsvolle tye hoor! Maar dit was wel die moeite werd hoor, julle het die koppe laat draai.... Ons hoor Erik van Alten het hierdie jaar weer meer ervaring opgedoen op hierdie gebied. Kan ons een of ander tyd lesse verwag Erik??? Of gaan jy en Johan Visser dit in samewerking doen? Ons het gehoor Oom Herman kan vir ‘n “gereformeerde matriekafskeid” sorg. As bestuurder het hy daarvoor gesorg dat Christine en Frank op Feike Asma kon litte losmaak op pad na die matriekafskeid. Desondanks alle trauma en spanning hoop ons tog julle het dit baie geniet.

So gepraat van die matrieks, om dit nou poëties te stel: Julle sluit ‘n fase van julle lewe af, julle moet nog net ‘n punt (eksamens) daaragter sit. Sorg dat dit ‘n duidelike punt is, en nie ‘n komma nie! Ons hoop dat julle die nabyheid van die Here sal ervaar in hierdie tyd, en dat dit baie goed sal gaan. So ook vir alle skoliere en studente wat binnekort eksamen skryf.

Ai, en ons moet tog net ook ‘n spesiale woordjie rig aan ons “oupa” van die jeug, Erik Raimond. Hy het vir hom ‘n jongblaartjie uitgesoek en besluit om te herkou aan haar. Erik en Marié, ons is baie bly dat julle weer bymekaar is, en ons hoop dat julle vorentoe nog ‘n mooi tyd saam mag beleef.

Die Doorrrrrrrrrns het ook skielik op die VGK map gekom. Praat van ons jeug wat sy horisonne uitbrei! Hulle sê mos die plek is so klein dat as EJ sy “high-voltage” skeermasjien aansit, dan trek die straatligte dunner. En as EJ die dorp besoek, dan het hulle ‘n

oorbevolking! Ernst-Jan, ons hoop ons sien vir jou en Anél darem ook nog baie in die Kaap.

Twee van ons huursoldate het besoek gehad vanuit die hoogste range. Hulle het kom navraag doen na lewensbelangrike sake: Wie dek hulle seuntjies toe saans, eet hulle wel hulle groente en..... borsel hulle hul tande twee keer ‘n dag.

‘n Mens kan sien Marco en Gerrit se ogies het weer geblink. Mamma het kom kuier.

Marco, Gerrit, ons probeer om julle ook liefde te gee, maar dit is seker nie die dieselfde nie.

‘n Middelbreedtrese sikloon (aaklige weer) het weer oor die Kaap gekom toe die Transvalers hier aangekom het vir Mars en Rianne se troue (moet nooit sê julle maak nie ‘n verskil in ons lewens nie!) Alle grappies op ‘n stokkie, dit was baie lekker om julle gesigte weer te gesien het. Ons het lekker gekuier en mekaar beter leer ken, en ons sien al uit na die Kongres.

Aan Mars en Rianne wil ons ook nog baie geluk sê met hulle huwelik

Nonka het ook nog die Kaap besoek hierdie maand. Sy het baie goed geslaag in ‘n bemarkingsveldtog vir Kongres ‘97. Johannesburg, dankie vir julle moeite. Ons sien al baie uit na die einde van die jaar.

Ons sien Willen en Helmut is ook weer terug. Na julle tydjie in Pretoria is ons tog weer bly om julle weer hier by ons te hê. Ons hoop julle pas weer lekker in by julle werk en in die jeug.

Ons het weer volstoom met JV begin, en ons is bly dat julle so in julle hordes dit bywoon. Ons bespreek hierdie kwartaal die tema “wysheid” en hoe ons moet wys wees in hierdie wêreld. (Sal iemand net vir Riana die voorstudiemateriaal gee??)

In die maand Oktober het ons twee verjaarsdae naamlik Philip Scheltens en Stefan van Dalen. Baie geluk en wat meer kan ons julle toewens as die seën van die Here in die jaar wat voorlê?

Alle name en plekke en gebeurtenisse in hierdie artikel is fiktief en enige ooreenkoms met die werklikheid is bloot toevallig.

Die sleutelgatloerders

# GESELS SAAM

In hierdie maand se “Gesels saam” het ons besluit om ‘n bietjie met ons nuwe redaksie-lede te gaan gesels en te hoor wat hulle taak is en hoe hulle voel oor die nuwe blad. Die nuwe redaksie-lede is Mirjam Raimond, Christine van der Linden, Dirk Boon en Maartje Eefting.

## **Wat is jou/julle rol/taak as nuwe redaksie-lid?**

Maartje: Ek is daar om te help om die blad “ aantreklik” te maak. Ek moet ook deurentyd op hoogte wees oor hoe die jeug oor die blad/artikels voel. Verder moet ek die blad onder die vergrootglas plaas en raadgee/help. Ek voel baie geëerd...ek is opgewonde oor alles.

Mirjam: Ek en Christine van der Linden is verantwoordelik vir die finansies van Rehoboth.

Dirk: Kontak hou met ons jeug in Johannesburg en Pretoria oor onderwerpe vir artikels in die NJB.

Redaksionele werk met artikels wat inkom.

Christine: Ek is saam met Mirjam verantwoordelik vir die finansies.

## **Hoe voel jy/julle oor die nuwe Nasionale Jeugblad?**

Maartje: Baie positief. Ek hoop dat die jeug ook so daarvoor voel. Dit sal goed wees om so saam te werk as jeug van verskillende kerke. Dit sal ‘n gevoel van samehörigheid kweek... want ons hoort tog almal saam. Dan lees ons ook van mekaar en kan ons saam gesels oor dinge wat saak maak.

Mirjam: Ek dink dit sal goed wees om ‘n NJB te hê omdat jy meer artikels kan lees wat deur ‘n wyer verskeidenheid mense geskryf is. Ek weet net nie of dit prakties gaan moontlik wees nie, omdat daar baie organisasie by betrokke is.

Dirk: Baie opgewonde. Ons mag bly wees vir die moontlikheid met E-mails om so ‘n blad moontlik te kan maak. Mens kan nou maandeliks op hoogte bly van wat die jeug in Johannesburg, Pretoria en hopelik later Bethal, besig hou.

Christine: Ek dink dis ‘n baie goeie idee as dit reg aangewend sal word. Dit sal vir ‘n proeftydperk probeer word, maar ek is seker dit sal werk.

## **Wat is die uiteindelige doel by die skepping van ‘n Nasionale Jeugblad?**

Maartje: Om almal te betrek, sodat almal hulle sê en almal dit kan lees. Dit gee bv. Johannesburg en Bethal geleentheid om ook te skryf. Dit behoort ons denkwêreld te verbreed en die anderkant van sake in te sien. **Een** blad vir **een** jeug... al is hulle ook in aparte plekke.

Mirjam: Dit is tot opbou van die jeug van ons Kerk deurdat ons meer artikels kan lees vir geestelike groei. Daarby kom, dat ons ook meer kan lees van die ander gemeentes se jeug.

Dirk: Om tussen ons gemeentes se jeug nog beter bande in die geloof te kan opbou, en om op hierdie manier te kan bou aan God se Koninkryk.

Christine: Omdat ons ‘n redelike klein jeug in die Kaap is, is daar beperkte hoeveelheid mense wat artikels skryf. Daarom dink ek dis ‘n goeie idee om die NJB te stig om ‘n slag dieselfde onderwerpe uit ‘n ander perspektief te sien en miskien ‘n ander mening te kry.

## **Wat is die algemene reaksie van die jeug oor die nuwe blad?**

Maartje: Ek dink hulle sien dit as ‘n groot uitdaging. Variasie. Dat ons nie aparte blaaië hoef te “bestel” nie, maar sommer alles in een kry. Party sou bv. nooit ander blaadjies koop nie, maar nou kan hulle saamlees en saampraat.

Mirjam: Oor die algemeen is die reaksie positief. Sommige mense twyfel net of dit prakties moontlik is.

Dirk: Goed. Die mense is wel positief oor die Blad. Sien dit as ‘n geleentheid om mekaar te kan dien!

Christine: Daar is ‘n gemengde gevoel onder die jeug, maar almal was vóór dit om dit eers vir ‘n proeftydperk te probeer om te kyk of dit werk. Dan sal ons maar weer kyk.

## *Rondvraag*

# KONGRES ’97

Die jaar is al amper verby en die kongres ’97 is byna hier. Die Johannesburgse jeug wil al die jeug uitnooi na die kongres ’97. Die kongres gaan bakgat wees!

Die kongres sal DV Maandag 22 Desember begin en Vrydag 26 Desember eindig. Die volgende onderwerpe sal bespreek word:

- Is die belydenisgeskryfte tydgebonde?

- Die Christen as gebalanseerde mens t.o.v. verhoudings tussen werk, sosiaal en kerklike verantwoordelikheid.
- Christen patriotisme in die Nuwe Suid-Afrika
- Jou liggaam as tempel van God t.o.v. drank, rook en eet.
- Verhoudings met die teenoorgestelde geslag en seksualiteit.
- Die dood en hiernamaals.

Die onderwerpe sal in Workshops aangebied word. Die voordeel is dat dit baie, baie korter is as 'n referaat en baie meer interaktief. Ons het die leiers van die workshops gevra om vir ons 'n inligtingsstuk te gee van die onderwerp wat dan in

die blad sal verskyn. Die eerste een is al reeds in die blad. Die persoon sal ook bronne gee om te lees sodat jy sinvolle vrae kan vra.

Sport en ander aktiwiteite is hoegenaamd nie afgeskeep nie. Die fasiliteite op die kamp is professioneel en dit belooft om 'n fantastiese kongres te wees. Daar sal ook 'n musiek verrassing wees wat . . . laat ons niks verder sê nie.

Verdere inligting sal met verloop van tyd verskaf word!

Groete JV "Sola Fide"

---



---

## IS DIE BELYDENIS GESKRIFTE TYDSGEBONDE?

H Snijder

Wanneer jy belydenis van geloof aflê, wat doen jy dan?

Jy gee antwoord op 'n aantal vrae, waarvan een hierdie is: "Glo en bely jy dat die Ou en Nuwe Testament die Woord van God en die volkome LEER van die saligheid is, soos dit ook in die Belydenisgeskrifte van die Gereformeerde Kerke uitgedruk word en in die kerk hier geleer word?" en in die volgende vraag kom die woorde voor: "Is dit u voorneme om deur die genade van God in hierdie LEER standvastig te volhard...jou lewe en saligheid buite jouself in Christus te soek en so hierdie belydenis van jou met 'n godvresende lewe te bevestig?"

Op hierdie vra antwoord jy "Ja". Want jy het die LEER leer ken deur die kategese. Dit wil nie sê dat die artikels volledig behandel is nie, maar 'n goeie maak seleksie is. Ons sê maar jy weet iets daarvan. Met die doen van openbare belydenis het die (kerklike) kategese opgehou. Jy is nou mondig lid van die kerk, waarvan ons bely dat jy 'n lewende lidmaat daarvan is en sal bly.

Wat gaan dan gebeur? Jy is seker dat jy nie die hele LEER regtig ken nie. Hoe kan jy dan in die LEER volhard? Baie eenvoudig: jy verklaar die LEER tydsgebonden. Vandag is ander sake belangrik. Evangelisasie veldtogte met baie ander kerke, 'n eenheidstrewing op grond van die hoofwaardighede uit die Bybel, allerlei samewerkings-patrone: gesamentlike kerkdienste byvoorbeeld. Hulle is mos almal gelowiges! Daarom is trou met iemand uit 'n ander kerk nie so belangrik nie, want in eie kerk is ook baie foute.

Bowendien lei die Gees jou met die waarheid. Jy bid en is daarna seker dat jy 'n ding kan doen. Jy voel so. Jy ken nie argumente uit die Bybel wat jou dit verbied nie. Jy dink dit is goed om te doen, dus doen jy dit. 'n Mens moet mos tolerant wees? Jy kan tog nie sê dat jy iets beter weet as 'n ander nie, wat ook 'n mening het. Jy is nie beter as hy/sy nie. Albei glo en gaan kerk toe, dit maak nie saak watter een nie. Die Here het self gesê: "Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe;" nou dan!

So kan 'n mens aangaan: saamwoon sonder getroud te wees; egskeiding as dit nie meer goed gaan niel abortie op aanvraag; korrupsie; die regte van die mens en in die besonder van die vrou, ens. Die dinge van die dag dus. Ons kan nog byvoeg die mode: wat die wêreld mooi vind, is mooi. Gevoelsmatig word hieroor geoordeel. En dan kry jy baie menings, want die een sê dit en die ander dat. Wat is waarheid?

Daar word gepleit vir 'n "teologie van oopheid", dit wil sê dat daar 'n oopheid moet wees vir altyd 'n ander waarheid. Kreatief wees met die Bybel! Ons het ons ideale soos die wêreld hulle s'n aanbid, in sport, in musiek (of moet ek sê lawaai), in mense (Diana), in welvaart en konsumpsie. Almal dinge wat ons doen sonder om kritiese vrae te vra.

Of is die tog anders? Weet ons wat ons moet doen, wat die waarheid is? Hoe moet ons die wêreld se gebeure beoordeel? Deur die leer wat ons ken? Of noem ons dit "morele instink". Dink maar 'n bietjie oor hierdie sake. Voorstudie Deut 1-26; HK Sondag 34-44.

# NOTULE VAN DIE NASIONALE JEUGSENTRALE (NJS) VERGADERING GEHOU OP 27 SEPTEMBER 1997 IN JOHANNESBURG.

Verteenwoordigers:

Kaapstad: J v/d Linden

JHB: E Kuyvenhoven; A.Kuyvenhoven

PTA: J & J Bron; A v/d Linden

Die vergadering is deur JHB gereël en hulle het die agenda opgestel. Nadat die kele "gelawe" is, het Ester die vergadering geopen met die lees van 1 Kor 1 : 18- 32 en in haar gebed het sy die Vader se seën oor die vergadering gevra. Die notule van die vorige NJS vergadering is gelees net om die geheues te verfris en daarna het ons die punte op die agenda soos volg deur gewerk:

## 1. Kongres

Mag elkeen sy/haar vriend/in saamnooi na die Kongres? Ons het 'n redelike diskussie hieroor gehad - op die ou end het ons besluit dat die vriend/in wel belangstelling in die verenigingslewe en Kerkverband moet toon en die kongres moet nie bloot om 'n vakansie draai nie. Dit sal raadsaam wees om eers die Jeugsentrale (JS) se hulp in te roep met so 'n probleem.

Die kongresterrein is gefinaliseer en dit word gehou op 22 tot 26 Desember 1997. Die koste beloop R150.00 per persoon en R100.00 vir die persone uit Kaapstad. Dit belooft om 'n baie goed gereëlde kongres te wees. Iets wat beslis nie gemis kan word nie. Die res van die kongresdetails is in hierdie uitgawe beskikbaar.

## 2. Sangbundel

Einde Oktober stuur JHB verder liederes na Kaapstad en PTA om by die sangbundel gevoeg te word en 'n plan word beraam om dit maklik aan te vul bv. 'n lêer vir alle nuwe stukke.

## 3. Sendingsgemeentes

Elke nabye kerk het die verantwoordelikheid om self met die sendelinge in aanraking te kom en om dan te besluit op watter manier daar kontak opgeneem kan word met die sending gemeentes sodat die jeug betrek kan word omdat hulle nog nie by die kongres teenwoordig sal wees nie.

## 4. Kommunikasie

Die kwartaaltemas wat hierdie jaar onderskeidelik deur Kaapstad, PTA en JHB gekies is, verval volgende jaar. Dit is nou elke JS se eie besluit wat bespreek gaan word in elke kwartaal, maar die kwartaal briewe tussen die verskillende JS'e bly nog van krag. Stiptelikheid word van elke JS verwag. Kommunikasie met Bethal: Daar sal van JHB 'n formele uitnodiging vir die kongres gestuur word. Waterval-Boven: Hieroor sal later 'n besluit geneem word omdat die saak nog hangende is.

## 5. Funksie van die JS

Om die jeug te koördineer en aan probleme aandag te gee. JHB soek 'n afdruk van PTA se statute sodat die funksie ook deur hulle ordentlik op papier vasgelê kan word.

## 6. Notule van die vorige NJS-vergadering (6 Jul 96):

Die notules moet oorgedra en geliasseer word. Punt 2.2 in die notule van 6 Julie moet verander word na: Indien die NJS die statute verander het en 'n JS stem nie daarmee saam nie, moet daar weer 'n NJS-vergadering belê word om die statute te heroorweeg.

## 7. Opmerkings

- Ester bedank almal wat gesorg het dat JHB die Wapenrusting en Rehobot hierdie jaar betyds ontvang het.  
- Elke JS moet in die vervolgt die sketsmateriaal deurstuur na die ander JS'e waar dit geliasseer sal word vir hergebruik sodat die vertalingswerk nie verlore gaan nie.

## 8. Volgende NJS vergadering:

JHB Desember 1997

PTA Julie 1998

Kaapstad Desember 1998

Ester bedank almal vir hulle teenwoordigheid en Jan Bron sluit die vergadering met dankgebed af.

Namens die NJS

Johan Bron

## THE SOUND

The sound  
of time  
dies  
in an  
echoe of  
words  
that  
cry: come...  
Come...